

Die Sakrament van Boete & Versoening

Christus het dié sakrament ingestel vir die bekering van gedooptes wat deur die sonde van Hom vervreemd geraak het en in wie se lewens Christus se oproep tot bekering bly weerklink. Bkering bly 'n voortdurende verpligting vir die hele Kerk, wat heilig is maar in haar skoot sondaars dra. Die Heilige Gees werk in ons harte sodat ons met 'n hart “vol berou” God se barmhartige liefde kan beantwoord. Daar kan so gereeld soos benodig van hierdie sakrament gebruik gemaak word. Dit staan ook bekend as die sakrament van Boete, van Versoening, van Vergifnis, van die Bieg of van Bkering.

